



Laat die kriptomanie vir jou werk

Kriptogeld soos bitcoin word by die dag gewilder en daagliks hoor 'n mens van 'n nuwe kriptogeldeenheid wat asof uit die niet verskyn. Anders as gewone geld word kriptogeld nie deur 'n owerheid soos 'n sentrale bank geskep nie, hoewel sommige dit wel oorweeg. Daarom verkies ek om na bitcoin en die ander "kripto's" te verwys as "private geld" teenoor tradisionele geld soos dollar, euro, jen en die rand, wat "sentralebankgeld" of "staatsgeld" is.

Nietemin, ek het besluit om in vandag se rubriek te verduidelik hoe jy jou eie geld kan maak, letterlik. Wie weet, miskien kan jou geld ook eendag so gewild soos bitcoin wees.

Die eerste vereiste is die bestaan van 'n netwerk wat die een of ander gemeenskaplike belang het. Hierdie netwerk kan 'n klub, kerk, veiligheidskompleks, sakeonderneming, Facebookblad met volgelinge of selfs 'n WhatsApp-groep wees. Sodra die netwerk besluit hulle wil hul eie geld hê, moet 'n betroubare persoon of struktuur daarvoor verantwoordelik gemaak word om die private geld te maak.

Kom ons veronderstel 'n skool wil sy eie geld maak. 'n Skoolkermis word gehou en kaartjies word by die hek verkoop wat gebruik kan word om springmielies en pannekoek op die terrein te koop.

Die persoon wat die kaartjies verkoop (kom ons noem hom die kaartjiemeester) is betroubaar en hy hou al die rande wat hy met die verkoop van die kaartjies ontvang in veilige bewaring. Verder is hy ook bereid om die kaartjies wat verkoop is, terug te neem in ruil vir rande. Elke kaartjie is een rand werd en die "wisselkoers" is dus een tot een, 'n vaste wisselkoers.

Veronderstel nou dat ons kaartjieverkoper 'n rekening by 'n bank open waarin hy al die rande deponeer. Hierdie bankrekening verdien rente en die rente-inkomste kan 'n nuttige bron van inkomste vir die skool word. Intussen word die kaartjies op die skoolterrein as geld gebruik in die wete dat enigiemand enige tyd sy kaartjies vir rande kan omruil. Kaartjies het rande vervang as geld.

Die volgende stap is om die fisieke kaartjies deur digitale kaartjies te vervang. Ons kaartjiemeester vra die rekenaarwetenskapklas om 'n app vir slimfone te skryf sodat die fisieke kaartjies deur 'n digitale weergawe vervang word wat tussen fone geruil kan word. Die kaartjiemeester sal die enigste een wees wat die digitale kaartjies kan skep, maar daarna kan dit tussen fone oorgeplaas word. (Hierdie soort toepassings word reeds wyd gebruik. WhatsApp, byvoorbeeld, stuur inligting tussen gebruikers en die

oordrag van digitale kaartjies tussen slimfone is niks anders nie as inligting.) Dus, die fisieke kaartjies word deur digitale kaartjies vervang – en daar is steeds net soveel rande in die spaarrekening as wat digitale kaartjies geskep is. Die wisselkoers bly 'n vaste een tot een.

Veronderstel nou dat die kaartjiemeester besluit om nie meer die rente-inkomste te gebruik nie, maar om die rente eerder in die bankrekening te los (kapitaliseer).

Die hoeveelheid rande neem nou toe terwyl die hoeveelheid digitale kaartjies dieselfde bly. Indien iemand nou sy kaartjie sou terugruil, kry hy sy oorspronklike rand terug plus 'n stukkie rente. Die wisselkoers is nou een kaartjie vir een rand plus 'n bietjie rente. Die wisselkoers is dus nie meer vas nie.

Veronderstel nou die kaartjiemeester besluit om die geld in die bank te gebruik om goud te koop. Die aantal digitale kaartjies in omloop bly steeds dieselfde, maar pleks daarvan dat jy rande terugkry wanneer jy jou kaartjies by die kaartjiemeester omruil, kry jy nou 'n stukkie goud.

Die digitale kaartjies se waarde sal nou afhang van die prys van goud. Die wisselkoers met die rand verander deurlopend in 'n swewende wisselkoers namate die goudprys verander.

Maar wat gaan gebeur indien die kaartjiemeester besluit om die goud te verkoop en die geld te gebruik om die skool se infrastruktuur te verbeter? Nou is daar niks meer wat die digitale kaartjies rugsteun nie. As jy jou digitale kaartjie nou by die kaartjiemeester wil omruil, kry jy net 'n ander digitale kaartjie. En dit is ook presies wat bitcoin is: 'n private geldeenheid wat deur niks gerugsteun word nie.

So, die vraag is: Sal mense aanhou om jou digitale kaartjies as geld te gebruik? Wat gaan die waarde daarvan wees? Kan ons aanhou om ons kaartjiemeester te vertrou dat hy nie nóg, dalk te veel, digitale kaartjies gaan maak nie?

Maar dit is presies die vrae wat ons kan vra oor die rand of die dollar of die euro of enige ander "staatsgeld".

Uiteindelik sal die vertroue in die kaartjiemeester bepaal of ons waarde gaan heg aan ons digitale kaartjies al dan nie. Geld kom neer op net een ding, en dis vertroue. Sedert 1970 het die rand meer as 99% van sy waarde verloor! So die vraag is: Gaan jy 'n private instansie se geld vertrou of gaan jy die staat se geld vertrou? Ek vra maar net.

 Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op dawieroodt@efgroup.co.za